BEGROTING: 2011/2012

VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR FINANSIëLE DIENSTE

Die Uitvoerende Burgermeester het in terme van die Regulasies afgekondig in Staatskoerant 32141 ‘n loodskomitee saamgestel om die Begroting vir die 2011/2012 finansiële jaar op te stel en aanbevelings te maak wat betrekking het daarop.

Die Loodskomitee het verskeie kere vergader waartydens alle lede hulle insette oor die begroting gelewer het. Aangesien die Munisipaliteit nie oor die adminstrasie beskik om volle notules te neem van hierdie loodskomitee vergaderings nie, is daar ooreengekom dat die finale produk van die besprekings aan die Uitvoerende Burgermeester voorgelê sal word.

Gedurende hierdie besprekings is die volgende oorweeg vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgermeester en sy komitee.

KAPITAALBEGROTING

‘n Totale kapitaalbegroting ten bedrae van R 56,09 miljoen word aanbeveel. Besonderhede van hierdie bedrag word uiteengesit in die aangehegte tabel SA36.

Die bronne waaruit hierdie kapitaal finansier word bestaan uit:

Kapitaalhernuwings reserwe	R 17,73 milj
M.I.G skenking	R 9,73 milj
Publieke skenkings	R 2,60 milj
Eksterne lenings	R 4,00 milj
Behuisings toekenning(infrastruktuur)	R 4,71 milj
Elektrisiteits toekenning(behuising)	R 0,1 milj
Reserwe/skenking	R 17,2 milj
	R56,09milj

Die laaste bedrag van R 17,2 miljoen word voorwaardelik op die begroting geplaas en hierdie projekte kan slegs plaasvind indien skenkings van ontwikkelaars ontvang word.

BEDRYFSREKENING

Die uitgawes ten bedrae van R 169,867 word uiteengesit in tabel A1 hierby aangeheg bestaande uit:

Personeelkoste	R 65,955
Raadslid vergoeding	R 3,697
Waardevermindering	R 12,287
Finansieringskoste	R 7,106
Grootmaat aankope	R 31,655
Oordragte en skenkings	R 11,136
Ander uitgawes	R 38,031
	R 169,867

Bedryfsinkomste beloop R 176,126 vir die 2011/2012 finansiële jaar en bestaan uit. Verwys na TabelA1 aangeheg.

Eindomsbelasting	R 33,838
Diensheffings	R 89,365
Beleggingsinkomste	R 1,170
Oordragte(skenkings)	R 29,793
Ander eie inkomste	R 21,961
	R 176,126

Die verhoging in verbuikerstariewe word soos volg bespreek:

a. BELASTING

‘n Verhoging van die algemene belastingkoers vanaf R 0,00653 na R 0,0071word aanbeveel.
Die koers van toepassing op landbougebruik word verhoog vanaf R 0,00098 na
R 0,00107.
Kortings op belasting waarvoor aansoek gedoen kan word word in die tarieflys uiteengesit.

b. ELEKTRISITEIT

NERSA het aangedui dat die raad ‘n glyskaal vir elektrisisteitsverbruik moet instel gedurende die 2011/12 finansiële jaar. Hierdie glyskaal bring mee dat die koste van die laagste verbruik styg met slegs 5% en verbruik bo 600kwh styg met ±25%. Hierdie tariewe soos uiteengesit in die tarieflys sal aan NERSA voorgelê word vir goedkeuring.
Basiese fooie vir elektrisiteit word verhoog met 22%.

c. RIOOL

Riooltariewe styg met 8% teenoor die van 2010/11.

d. VULLISVERWYDERING

Tariewe vir die vullisverwyderingdiens styg ook met 8% teenoor die van 2010/11.

e. WATER

Die komitee beveel aan dat ‘n basiese tarief vir water ingestel word ten bedrae van R30.78 (btw ingesl). Verder styg die verbruikstarief vir water met 5%.

f. BESKIKBAARHEIDSGELDE

Beskikbaarheidsgelde word verhoog na:

Riool	R 842.32pj
Water	R 422.76pj
Elektrisiteit	R 1062.60pj
Vullis	R 667.33pj

In die geval van riool en elektrisiteit verteenwoordig hierdie bedrae 80% van die basiese heffing, vullisverwydering 50% van 12 maande se heffing en water ‘n bedrag van R 422.76pj wat 130% van die basiese fooi is.

g. ANDER TARIEWE

Alle ander tariewe styg met gemiddeld 8%.

Die effek wat die bogenoemde tariewe op ‘n munisipale rekening sal hê word uiteengesit in in tabel SA14(bl)